

### VOERMOL BEEFMAKER

Klas: Proteïen- en Mineraalkonsentraat vir Beeste

**VOERMOL BEEFMAKER** is 'n voerkraalkonsentraat vir die afronding van beeste waar geen of min hooi beskikbaar is nie:

- is beskikbaar as meel of korrel. Die voer- en menginstruksies is dieselfde vir beide die meel en korrel;
- bevat die nodige proteïen (beide NPN en natuurlike proteïen) wat voerkraalbeeste benodig;
- bevat die nodige ruvoer as effektiewe vesel vanaf suikerrietmurg;
- bevat die nodige bymiddels wat groei stimuleer en voeromset bevorder;
- bevat Vitamien A, minerale en spoorelemente wat nodig is vir 'n korrek gebalanseerde rantsoen.

**Voermol Beefmaker** stel die voerkraalondernemer in staat om beeste af te rond sonder die gebruik van hooi:

- is 'n “tuismengsel sonder meng of maal”;
- bied die voerkraalondernemer die kostevordele van tuisvermenging sonder die bestuur en ekstra koste wat voerverwerking behels;
- skakel ruvoer probleme soos die oes, berging en verwerking van ruvoer uit. Ook word die risiko's en koste hieraan verbonde vermy;
- het 'n goeie voeromset-doeltreffendheid tot gevolg. Wanneer die voerkraalbeeste aangepas het by hierdie voedingstelsel, reguleer hulle hul eie graan en **Beefmaker** inname. Hierdie self-regulering lei daartoe dat die beeste al hoe meer van die energie gedeelte van die rantsoen inneem soos die vetmesting tydperk toeneem. Dit is hierdie vermeerderde graaninname wat lei tot goeie voeromset-doeltreffendheid;
- is 'n gevorderde produk van **Voermol** navorsing. Danksy die **Beefmakerstelsel** geniet u die voordele van jarelange intensiewe navorsing deur Voermol oor meer winsgewende afrondings-metodes;
- gee die beste resultate waar hominy chop gebruik word in die plek van heel mielies;
- gee die beste resultate by die voer van kalwers met 'n beginmassa van 250 kg en swaarder;
- beperk voerperiode tot 'n maksimum van 120 dae. 'n Langer voerperiode sal die risiko vir mortaliteite verhoog.



**VOERMOL**

**SAMESTELLING VAN VOERMOL BEEFMAKER**

REG NR V7535 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen*	(min)	240	Mangaan	49
Ureum	(maks)	56.2	Koper	25
Ruvesel	(maks)	210	Kobalt	0.98
Vog	(maks)	160	Yster	74
Vet	(min/maks)	10/20	Jodium	0.98
Kalsium	(min/maks)	20/36	Sink	74
Fosfor	(min)	5.9	Selenium	0.5
Kalium		16.2		
Magnesium	(min)	1.5	Vitamien A (IE/kg)	30 000
Swael	(min)	2.5		
*72.2 % afkomstig vanaf NPN			Bevat medikamente	

Verpakking – 50 kg

**Sien ureumwaarskuwing****HOE WORD DIE VOERMOL BEEFMAKERSTELSEL TOEGEPAS?**

Volg die normale inentings- en doseerprogram, soos deur 'n veearts voorgeskryf. Diere wat uitgehonger is, moet eers vrye toegang hê tot hooi en skoon water totdat hulle behoorlik vreet. Vir die aanpassing van beeste op die **Voermol Beefmaker System**, meng **Voermol Beefmaker** en heel mielies in die voerkrip met 'n graaf. Geen hooi moet aan diere gevoer word nie.

<b>MENGINSTRUKSIES</b>	(kg)
<b>Voermol Beefmaker</b>	50
Heel mielies/Hominy Chop	<u>200</u>
	250

**SAMESTELLING VAN DIE FINALE MENGSEL**

(g/kg)

Ruproteïen*	(min)	120
Ureum	(maks)	11.2
Ruvesel	(maks)	70
Kalsium	(maks)	8
Fosfor	(min)	5.9
*30.9 % afkomstig vanaf NPN		

**VOERMOL**

---

Voer hierdie mengsel *ad lib.* en daarbenewens skoon **Voermol Beefmaker** apart in 'n deel van die krip. In 'n lang krip word aanbeveel dat die mengsel in die middel gevoer word en die **Voermol Beefmaker** aan weerskante. Gebruik  $\pm 85\%$  van die kripspasie vir die mengsel en  $\pm 15\%$  van die kripspasie vir die **Voermol Beefmaker** alleen.

Die **Voermol Beefmaker**/Mielies-mengsel en **Voermol Beefmaker** word apart gevoer vir die eerste 14 dae van die voedingsperiode of totdat die diere behoorlik aangepas is.

Na die aanpassingsperiode, voeg net mielies by in die plek van die **Voermol Beefmaker**/Mielies-mengsel. Voer dan mielies en **Voermol Beefmaker** beide *ad lib.*, en apart. Verseker dat voerbakke nooit leegloop nie.

Dieselfde beginsel geld, soos vir **Voermol SB 100**, maar hier word geen ruvoer gebruik nie – slegs **Voermol Beefmaker** en graan.

## **NORMALE VERSKYNSELS TYDENS AANPASSING OP DIE VOERMOLSTELSEL**

### **Heel mielies in die krale**

Vir die eerste 2 tot 3 weke sal heel mielies in die kraal voorkom. Dit is afkomstig van twee bronne, nl. die beeste mag heel mielies opbring en/of heel mielies verskyn in die mis. Hierdie twee verskynsels is normaal en kan daaraan toegeskryf word dat die diere eers moet aanleer om heel mielies te herkou. Verder moet die mikrobies in die grootpens eers by die hoë kragvoer-rantsoen aanpas. Die verskynsels sal na die eerste 10 tot 21 dae afneem en verdwyn.

### **Dit mag lyk asof die diere swak aanpas**

Die diere mag dun voorkom en die inname mag vir die eerste week of wat laag wees. Voerinnamename en massatoename neem egter vinnig toe nadat die diere aangepas is. Daaglikse massatoename op die **Beefmakerstelsel** is vergelykbaar met ander afrondingstelsels. Diere sal dus nie vinniger groei in vergelyking met ander stelsels nie, maar karkasvoeromset sal verbeter weens die laer voerinnamename.

### **Zilmax**

Die voerperiode kan verder verleng word deur die gebruik van Zilmax. Meng 50 kg **Voermol Beefmaker** met 40 kg **Voermol Zilmol**. Voer die mengsel *ad lib.* en apart met vrye toegang tot mielies of Hominy chop. **Voermol Zilmol** moet vir tussen drie en sewe dae onttrek word.

**L.W. Bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie.**



**VOERMOL**

## UREUMWAARSKUWING

### UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

### UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

### GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



**VOERMOL**